26 April 2020

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

## 1 Petrus 1: 17-23

## ons storie
ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Hoe is jou geloofslewe nou anders as vyf tot tien jaar gelede?

## word stil

Lees Psalm 116: 1-4, 12-19

Dink na oor hoe jy die Here kan vergoed vir al sy weldade aan jou.

## GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
1 Petrus 1: 17-23

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

## GOD se storie
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Gesels oor die gedagte dat elke mens onpartydig volgens hulle dade geoordeel word. Is genade dan nie genoeg nie?
- Wat beteken, "lewe dan in eerbied vir Hom?" Hoe doen ons dit?

nous praktiese wysheid...

- Waarom kan ons ons geloof en hoop op God rig? Watter verskil maak dit in jou lewe?
- Jy is losgekoop op grond van dit wat Jesus gedoen het. Wat is die implikasies van hierdie wete?
- As ons almal losgekoop is, hoekom maak dit dan saak hoe ons elke dag ons lewe leef?
- Watter bewyse sien julle van gelowiges wat ander van harte en vurig liefhet? Hoe verskil dit van ongelowiges?

## ons nuwe storie

**Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.**
**Verder en Voor:**

Lees weer vers 22. Waartoe (na wie toe?) word jy opgeroep?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?



**Dank God daarvoor.**